VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag (oor)
1 Wat hoor jy?
2 Wie is verloof aan wie?
3Wat het Josef agter gekom?
4 Wat het Josef goed geken, en wat het hy besef het Maria?
5 Wat het Josef besluit om te doen stilletjies?

Dinsdag(oë)
1 Wat sien jy?
2 Wat het Josef een aan gehad?
3 Wie het met Josef kom praat?
4Wat is vir Josef gesê?

Woensdag (hartjie)
1 Wat ervaar jy ?
2 Wie se woorde het waar geword?
3 Hoe het die woorde waar geword?
4 Het jy al vir God vir iets gevra en het dit waar geword?

Donderdag (hand)
1 Wat het Josef gedoen toe hy wakker word?
2 Wat het Josef die seuntjie genoem?
3. Wat doen ons wat God van ons vra?
4 Waar hoor ons wat God van ons vra?

MATTHEUS 1 - 3

Josef - Die Vader van Jesus

Matteus 1 Jesus word gebore

18-19 Nou kom ons by die storie vanJesus se geboorte. Dit het so gebeur.Maria was verloof aan Josef. Voordat hulle getroud is, het Josef op 'n dag agtergekom Maria gaan 'n baba hê. Hy was baie omgekrap hieroor. Die Heilige Gees het gesorg dat Maria 'n kindjie verwag. Maar Josef het dit nie geweet nie. Omdat hy die Bybel goed geken het, het hy geweet Maria is in groot moeilikheid omdat sy 'n kind verwag voor sy nog getroud is. Hy het besluit om stilletjies sy goed te vat en pad te gee. Hy wou nie voor almal die verlowing breek nie.

20-21 Terwyl Josef planne gemaak het om Maria te los, het hy een nag 'n droom gehad. 'n Engel wat van die Here af kom, het met hom kom praat. Hy het vir hom gesê: "Josef, jy mag maar met Maria trou. Moenie bekommerd wees nie. Dis die Heilige Gees wat gesorg het dat sy verwag. Een van die dae gaan sy 'n Seuntjie hê. Noem Hom Jesus. Weet jy, Hy gaan 'n wonderlike ding doen. **Hy gaan mense se sondes wegvat**."

22-23 Die engel het die woorde wat Jesaja in die Bybel geskryf het, daardie nag laat waar word. Jesaja het gesê:"n Jong meisie sal 'n seun verwag. As Hy gebore word, sal almal sê Hy. is God wat by ons kom bly het."

24-25 Na die droom het Josef wakker geword. Hy het alles gaan doen wat die Here se engel vir hom gesê het.Josef het kort hierna met Maria getrou. Maar hy het nie by haar geslaap totdat haar seuntjie gebore is nie`. Toe die Seun gebore is, het Josef Hom Jesus genoem.

AKTIWITEIT VIR DIE WEEK

B	A	O	M	O	E	H	O	E	J	E	S	U	S	Q
H	N	A	H	Q	E	M	V	N	T	Z	C	A	J	U
E	A	Y	C	I	P	B	V	R	R	K	Q	P	D	B
I	P	M	B	L	C	M	O	N	L	P	K	G	I	N
L	F	U	M	C	L	O	G	N	E	N	G	E	L	K
I	B	O	G	W	B	O	P	E	Q	I	G	J	C	I
G	L	C	V	E	S	E	U	N	T	J	I	E	A	N
E	G	J	G	X	Z	X	Q	Q	J	R	K	A	X	D
G	T	Z	X	J	C	M	A	Z	B	B	O	C	C	D
E	H	B	V	U	L	P	U	E	Z	A	J	U	E	M
E	K	P	W	D	V	T	S	R	U	G	P	J	D	A
S	R	R	L	C	E	J	V	W	I	L	J	O	M	R
H	D	R	O	O	M	R	P	O	X	I	S	S	T	I
Y	G	X	U	M	E	Y	Q	H	W	F	B	E	L	A
V	D	H	Y	E	N	D	K	D	J	G	V	F	I	Y

Geboorte **Engel** **Kind** **Droom**

Jesus **Getroud** **Maria**

Heilige Gees **Seuntjie** **Josef**